

18 Februarie

Skrifgedeelte: Josua 3:1-4:24 (OAV)

Fokusgedeelte: Josua 4:21-24

God breek die grens tussen dood en lewe oop!

Die opdrag kom: Heilig julle! Dit beteken: sonder julle af; breek met julle sonde; wy julle aan en verlustig julle in die Here. Hoekom? Want môre gaan die Here wonders onder julle doen. Watter wonders het die Here gedoen?

Die Here het die grens tussen die doodsheid van die woestyn en die land van melk en heuning deurbreek. Die Jordaanrivier is in vloed, maar God stuit sy vloei en laat die waters opdam teen 'n onsigbare wal sodat sy volk droogvoets aan die onderkant daarvan kon deurtrek – net soos by die Skelfsee ...

Nog 'n opdrag kom: Stapel 12 klippe op mekaar as gedenkteken sodat julle jul kinders en al die nasies kan vertel dat julle 'n lewende God met 'n sterk hand het. God kom sy beloftes na – al moet Hy 'n rivier se vloei stop. God breek vir sy volk 'n nuwe toekoms oop.

As gevolg van ons sonde is daar 'n diep en donker doodsdal tussen die mens en die heilige God. God belowe verlossing. Hy stuur Jesus, sy Seun, om die verlorene wat in Hom glo, te red. Jesus word gekruisig, Hy sterf en word begrawe, maar op die derde dag breek Hy die grens tussen dood en lewe oop! Jesus is die weg (pad) oor die doodsdal heen na die lewe toe. Die gelowige kan oor die geestelike “Jordaan-grens” gaan. Die dood word vir die gelowige slegs 'n poort na die ewige lewe.

Die gedenkklippe van Gilgal vertel van God se sterk hand wat die grens tussen die dooie woestyn en die land van melk en heuning oopbreek. Die water by die doop vertel van die afwassing van sondes deur die bloed van Jesus. Dit vertel van redding uit 'n doodse bestaan. Dit vertel van 'n grens wat deurbreek is sodat die uitverkore kind van God die ewige lewe kan verkry.

Het jy dit al vir jou kind of jou naaste vertel?

Sing: Psalm 23:2, 3

Ds AH Stavast (Kroonstad)

